dagstukkies met Ziva

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

# 13 FEBRUARIE 2019

**2 Thessalonisense 3:5: #Liefde**
***"Mag die Here julle harte rig tot die liefde van God en die lydsaamheid van Christus."***

Wanneer die liefde van Christus in ons harte gegraveer is, kan dit nie verberg word nie. Dit is soos 'n soet welriekende geur. Die heilige invloed wat gereflekteer word sal deur die karakter gemanifesteer word. Christus sal binne ons gevorm word, "die hoop van heerlikheid". Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap en vrede. Onenigheid en tweedrag is die werk van Satan en die vrugte van sonde. As ons vrede en liefde wil geniet, moet ons ons sondes versaak, ons moet in harmonie wees met God en dan sal ons ook in harmonie wees met mekaar. Laat elkeen homself afvra; Het ek die gawe van liefde? Is my hart gerig tot liefde vir my naaste? Het ek lankmoedigheid en vriendelikheid aangeleer?

Talente, geleerdheid en welsprekendheid, sonder hierdie hemelse eienskap van liefde, sal betekenisloos wees soos 'n klinkende metaal of luidende simbaal. Tog word hierdie kosbare hemelse skat so lig geag dat dit so min nagestreef word deur baie wat hulself gelowig noem! Waar 'n siel met Christus verbind is, is daar liefde. Wat ookal die karakter mag wees, as daar nie liefde is nie is dit waardeloos, nie liefde wat sag, swak, sentimenteel is nie, maar die liefde van Christus. Sonder die liefde sal alle ander dinge niks beteken nie, want dit kan nooit Christus verteenwoordig nie.

Heilige Gees, dankie dat ons met elke asemteug U Agape liefde kan verklaar en dat ons dit so intens sal ervaar dat dit ons lewens sal oorheers sodat die wêreld vir ons sal herken as dissipels van Jesus Christus. Draai ons harte in U rigting en laat U liefde ons kompas wees. Amen

In Sy Liefde altyd